e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

13 Augustus 2009
Jaargang 2 – Uitgawe 27

Toe Hy hulle voete klaar gewas het, sê Hy vir hulle:
"Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?"
Uit Johannes 13: 12

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld

VOORBLAD

Vrouedag 2009

'n Belydenis: Ek het geen erg aan Vrouedag en die bedoeling daarvan nie.

Tog, as ek iets oor die prestasies van vroue moet sê, dan is dit die vroue uit ons eie verlede wat my verbeelding aangryp. Hierdie grootmoeders uit ons geskiedenis het sonder hedendaagse vrouedae, uit eie innerlike krag, heel goed tot hul reg gekom. Reg vanaf ons volk se vestiging in die Kaap, dwarsdeur ons geskiedenis, blyk dit dat die vrouens uit ons voorgeslagte nog altyd sterk in hul opinies was, en sonder huiwering daarvoor opgestaan het. Meer nog, dit blyk dat hul mans baie trots op hul prestasies was.

Dit is juis hierdie selfstandigheid van die Afrikanervrou wat vir ander problematies was. So besluit die Britse amptenary aan die Kaap, in 1803, om onderwyseresse vanuit Brittanje in te voer – om die Boere beter op te voed. Volgens die Engelse sou 'n fyn opgevoede dame altyd broos, bedees en op haar plek wees – iets wat nie van die Boervroue gesê kon word nie!

Dink aan die Britse gesant in Natal, Henry Cloete, wat hoogs verontwaardig was toe Susanna Smit hom in sy kantoor gaan sien het. Susanna se boodskap was duidelik: *...they would walk out by the Draakberg barefooted, to die in freedom, as dead was dearer to them than the loss of liberty.* Cloete was geskok oor dié voorbarigheid van 'n vrou wat in die openbaar kom praat het. Volgens hom was dit mans se prerogatief: *I regretted that, as married ladies, they boasted a freedom which even in a social state they could not claim... I considered it a disgrace on their husbands to allow them such a state of freedom.*

Ook die Franse reisiger Delegorgue wat tussen 1838 en 1844 in Suid-Afrika was, het opgemerk: *...the African Dutch women have strong opinions, and do not hesitate to make them known.*

Die bekende skrywer van *The story of an African farm* en vegter vir vroueregte, Olive Schreiner (1889-1920), het gereeld laat blyk hoe beïndruk sy was met die gelyke verhouding wat daar tussen die Afrikanerman en sy vrou was.

Ten opsigte van die Groot Trek klink daar oral vertellinge op van hoe vrouens spontaan leiding geneem het op baie gebiede, asof dit eenvoudig so gehoort het. Oor hulle skryf dr O'Kulis tereg: *Dié vrouens was ernstig in gebed, verstandig in raad, moedig in geveg, en het altyd 'n hoogs veredelende invloed uitgeoefen op die mans en jongelinge.*

Met genl De Wet se tronkstrafoplegging word sy bewondering vir ons vroue bevestig toe hulle hul stemme ter wille van hom hoorbaar gemaak het. Op 4 Augustus 1915 het vroue van oraloor 'n landwye betoging ter wille van hom opgevolg met 'n groot optog in Pretoria. Oor dié gebeure het De Wet gesê: *Vandat ek in die tronk is, is my enigste troos die moeders en dogters van ons land…*

Lees 'n mens so oor hierdie vroue uit ons voorgeslagte, besef jy dat hulle nie sekere dae nodig gehad het om hulle op die voorgrond te bring nie. Op Vrouedag koester ek dan graag hul nagedagtenis.

Ds Elmien Oosthuizen, Pietersburg
(en Polisiekapelaan)

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas.

Beroepe ontvang

- **Prop Giel Malan** na Newlands (deeltyds)
- **Ds Joseph Steÿn** van die Stella-kombinasie na Mafeking

Beroep aanvaar

- **Ds Leslie Kern** (Delareyville) na die Kuruman-kombinasie

Ds Joseph Steÿn

Ds Leslie Kern

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds Fanie Schutte,** wat geruime tyd gelede medies ongeskik verklaar is, is Saterdagmiddag 8 Augustus skielik oorlede. Hy en sy vrou was steeds woonagtig in Fochville, in Gemeente Losberg, die laaste gemeente waar hulle gewerk het. Ds Schutte het die gemeentes Belfast-kombinasie en Losberg bearbei sedert sy ordening in Januarie 1973. Die begrafnis vind plaas op Vrydag 14 Augustus om 10:00 vanuit die kerkgebou van Losberg, en word gelei deur sy skoondogter, ds Mariaan Schutte.

- **Mev Rita van Staden**, eggenote van ds Gert van Staden (emeritus), is baie beter nadat sy verlede week in die intensiewesorgeenheid van die hospitaal in Rustenburg opgeneem is met ’n bloedklont in die long. Sy word sterkte toegebid.

- **Mnr Manie Dreyer**, alombekend in die Kerk, is ernstig siek nadat ’n kwaadaardige en baie pynlike gewas in sy ingewande ontdek is. Hy moet chemoterapie daarvoor ontvang. Die Kerk se voorbidding word vir hom en sy vrou Hettie gevra.

Ds Martin van Rensburg

- **Ds Martin van Rensburg** en ’n groep lidmate van Gemeente Phalaborwa besoek eerskomende naweek die lidmate in **Bulawayo**. Verskillende aktiwiteite om die gemeentelede te aktiveer, word beplan naas die erediens wat Sondag deur ds Van Rensburg gelei word. Die gemeente delg self al die koste verbonde aan die besoek en neem ’n groot hoeveelheid kosvoorrade saam.

- Na ’n suksesvolle bedieningstyd in Delareyville, het **ds Leslie Kern** die beroep na die Kuruman-kombinasie en die uitdaging wat die uitgestrekte en herderlose streek bied, aanvaar. Die kombinasie is geruime tyd vakant en nie een van die talle beroepe wat uitgebring is, was suksesvol nie. **Ds Hennie Aucamp**, deeltydse predikant wat help in die kombinasie, het besluit om te emeriteer, wat meebring dat opnuut beplan moet word vir die bediening in die gebied. Daar is groot dankbaarheid in die ring om so ’n jong predikant by te kry om die bediening te help behartig. Leslie en Rita word sterkte toegebid vir die groot taak.

- **Die jaarlikse Predikantevergadering** vir predikante, emeriti en professore vind op **Woensdag 9 September** by Gemeente Swartkop plaas. Registrasie is van 08:30 tot 09:30. Die koste is R100 per persoon, wat ’n ete insluit. Dr Stephan Joubert, proff Theuns Dreyer, Yolanda Dreyer, Andries van Aarde en Johan Buitendag sal optree, en die tema is *Geestelike leier in ’n veranderde wêreld.* Verskonings en lief en leed moet skriftelik by ds Marius Bacon ingedien word, by **baconm@telkomsa.net** of Posbus 6316, Ansfrere 1711.

- **Die volgende predikante verjaar van 14 tot 21 Augustus**, en word hartlik geluk gewens:

- Vrydag 14 Augustus: Di Koos Snyman en Arno Nieuwhof
- Saterdag 15 Augustus: Ds Rita de Kock
- Maandag 17 Augustus: Ds Douw Steyn
- Dinsdag 18 Augustus: Dr Gafie van Wyk
- Woensdag 19 Augustus: Di Berend Greyling, Hennie la Grange, John Putter, Tharina Steenkamp en dr Christo Viljoen
- Donderdag 20 Augustus: Ds Marike van der Merwe
- Vrydag 21 Augustus: Ds Werner Mans

Ds Carl Potterill

Ds Wynand Rademeyer

- Die gemeentes **Messina, Van Warmelo en Vivo** is besig om saam te beplan oor die toekomstige bearbeiding van lidmate in dié uitgestrekte gebied. Talle moontlikhede word ondersoek om die belang van die Kerk in wyer verband te dien. Intussen is **ds Wynand Rademeyer** na Gemeente Vivo beroep.

- Die **Trusteeverslag van die Pensioenraad** vir 2008/2009 is nou beskikbaar op die webblad van die Kerk. Predikante wat dit wil aflaai of bestudeer, kan klik op **http://www.nhk.co.za/content/uploads/files/Trusteeverslag%202008-2009.doc**.

- **Gemeente Erasmia** het gevra vir ’n verdere uitstel van 12 maande om hul vakante standplaas te vul. Tans hanteer die konsulent, **ds Carl Potterill**, alle huisbesoeke. Dié besoeke sal teen die middel van September afgehandel wees. Die Bedieningskomitee vergader op 25 Augustus met ds Potterill om ’n ooreenkoms vir 12 maande met hom te bespreek.

- **Gemeente Messina** het nou ook ’n kantoor, wat daagliks van 08:00 tot 13:00 beman word. Die gemeentekantoor se telefoon- en faksnommer is 015 534 2756, die selnommer 083 720 4127, en die e-posadres **nhkmessina@telkomsa.net**. Bring asseblief die nuwe besonderhede aan op bladsy 53 van die *Almanak.*

- Die **deurkollektes** van Sondae 30 Augustus en 6 September word toegewys aan die **Teologiese Opleidingsfonds**. Moontlike donateurs kan ook in verbinding tree met dr Barry van Wyk, Fondssekretaris, by 014 717 4013, 082 828 5711 of **bvw@vodamail.co.za**.

- **Dr Wouter van Wyk** versoek gemeentes dringend om terugvoer te gee op die twee vorms wat geruime tyd gelede aan hulle gestuur is:
  - Vraelys oor ’n moontlike **populêr-wetenskaplike teologiese tydskrif**. Die terugvoer op die vraelys moet reeds op Maandag 17 Augustus by die vergadering van die Raad vir SENTIK hanteer word.
  - Name van gemeentes se **verteenwoordigers vir kerklike publikasies**, sodat meer effektief met die regte persoon in elke gemeente geskakel kan word.

- **Die Eendrachtkring** kom op **Vrydag 14 Augustus** byeen vir ’n **sop- en sjerriegeleentheid**. Meer besonderhede kan by mev Johanna Steyn, eggenote van ds Wilhelm Steyn, verkry word, by 012 348 2932.

- **Gemeente Brakpan** reël ’n **Manne-en Vroue-oggend vir Saterdag 15 Augustus** om 08:30 by die kerkgebou. ’n Ligte ontbyt sal aangebied word teen R50 per persoon. Skakel ds Pieter Uys by 011 740 9678 of mev Geerdré Uys by 082 557 8892.

- **Gemeente Noordelike Pretoria vier vanjaar hul 75ste bestaansjaar.** Verskeie geleenthede word beplan, insluitende ’n **klokkespelvertoning** op Vrydag 21 Augustus, ’n **Potjiekoskuier** op Saterdag 29 Augustus, en ’n **gemeentefees** van Vrydag 16 tot Sondag 18 Oktober. Ds André Strauss vra dat enigeen met inligting, foto’s of staaltjies hom moet kontak; hulle wil graag ’n **gedenkalbum** uitgee. Kontak ds Strauss by 012 335 9208, 082 710 2539 of **anly58@gmail.com**.

- **Gemeente Krugersdorp-Noord** bied hul jaarlikse **Musiekfees** aan op **Vrydagaand 21 Augustus** om 19:00 in die Klipkerk, hv Kruger- en Presidentstraat, Krugersdorp. Kaartjies kos R50 per persoon. Kontak ds Johan en mev Marita Fourie by 011 953 1402 of 072 278 1456.

- **Gemeente Springs-Oos** is op **9 September 50 jaar** oud. Verskeie geleenthede word beplan, onder meer 'n **optrede deur Gerhard Steyn** op Woensdag 9 September, 'n ***touch rugby*-toernooi** op Saterdag 12 September, en die **Feesnagmaal o**p Sondag 13 September. 'n **Gedenkalbum** en talle ander gedenkartikels is ook beskikbaar. Kontak die skriba, oudl Retha Laubscher, by 083 475 1962 of **rethalaubscher@telkomsa.net**.

Ds Thinus van Staden

- **Gemeente Rooihuiskraal** bied op **Saterdag 12 September** van 09:00 af 'n **Lente-Damestee** aan met **Thinus van Staden** as die kunstenaar. **Chata Romano** gaan 'n werkswinkel aanbied oor kleur, styl en dameskleredrag. Daar sal ook heerlike verversings wees en talle stalletjies waar die dames kan rondloer. Kaartjies kos R100 per persoon. Kontak Janette van Rooyen by 083 369 9284 of die gemeentelike kerkkantoor by 012 657 1281 vir meer inligting.

- **Sondag 20 September** is **Bejaardesorgsondag**. 'n Spesiale liturgie word beplan vir dié dag. Meer inligting kan bekom word van dr Wilhelm Coetzer by 012 322 8885 x226.

- **Gemeente Balfour** is op **26 September 50 jaar oud**. Hulle **vier fees** die naweek van **11 tot 13 September**. Vrydagaand tree Rina Hugo op, en die kaartjies kos R70 per persoon (ete ingesluit). Op Sondag 13 September is daar 'n Nagmaaldiens (ook met 'n ete).

- Alle Hervormde vroue word uitgenooi om die **NHSV se Streekbyeenkomste** by te woon. Dit vind plaas **tot Saterdag 12 September**, en behandel onder meer die tema *'n Tyd om te volhard. Hervormde vroue in gesprek.* Gedurende **2010** vier die NHSV haar **70ste bestaansjaar**. Verskeie geleenthede en aktiwiteite word beplan. Besonderhede is beskikbaar van die NHSV hoofbestuur. Kontak mev Jeanette Fourie by 012 325 0117 of **nhsvhoofbestuur@nhk.co.za**.

****

'n Poppie wat omgee

Daar is baie kinders wat soms alleen voel en 'n maatjie sal waardeer. Die NHSV van Gemeente Witbank-Noord het besluit om poppies te brei vir dié kinders.

Die poppies gaan gebrei word deur jong vroue wat dit finansieel moeilik vind om te oorleef. Die NHSV wil hulle nuwe vaardighede leer sodat hulle self 'n inkomste kan genereer.

Oorspronklik was die gedagte dat hulle 'n etiket aan die poppie vaswerk wat die boodskap oordra: *I am a child buddy*. Hierdie boodskap het 'n tweeledige betekenis. Die persoon wat die poppie koop, ondersteun 'n sorgafhanklike kind, en die kinders wat so 'n poppie as geskenk ontvang, weet dat daar mense is wat aan hulle dink. Die NHSV wil graag aan hierdie poppie 'n Afrikaanse naam gee wat die boodskap van omgee verder kan uitdra.

In samewerking met die projek Oorwinningskinders, het die NHSV 'n kompetisie geloods om 'n naam vir hierdie poppie te kry. Die sluitingsdatum is **20 Oktober.** Die voorgestelde naam met 'n motivering en kontakbesonderhede moet gestuur word aan **salomejones@web4us.co.za**. Die wenner sal tydens die Vonkfees op 31 Oktober

aangekondig word. Op dieselfde dag sal die Oorwinningskinders die poppie se naam bekendmaak en dit die wêreld instuur.

Salome Jones, Gemeente Witbank-Noord

Basaars en ander fondsinsamelings

Ses Snare

- **Gemeente Klerksdorp-Oos Môrester** bied op **Vrydag 14 Augustus** 'n **biltong-ete en dans** aan. Kontak Veronica Blake by 082 969 1302, Petro Coetzee by 083 400 3250 (na ure 018 468 7070), of ds Stephan Botha by 018 462 9437.

- **Gemeente Rustenburg-Tuine** bied op **Vrydag 14 Augustus** 'n vertoning van die *Ses Snare* in die Rustenburgse Burgersentrum aan. Bespreek by Amanda Bouwer by 014 533 0297 of 014 592 9984 (ná 13:00) of by 082 796 8828.

- **Gemeente Vaalpark** bied op **Vrydag 14 Augustus** om 19:00 'n **vertoning van Eden en Lianie May** aan by die DP de Villiersstadion in Sasolburg. Kaartjies is by Computicket of enige Checkers- of Shoprite-winkel te koop teen R100 en R120. Kontak Danie le Roux by 082 816 8453 of Dorea du Bruyn by die gemeentekantoor (016 971 1999) vir meer inligting.

- **Gemeente Roedtan** hou op **Saterdag 15 Augustus** vanaf 09:00 **basaar.** Kontak ds Thys Redelinghuys by 082 416 7724, 015 667 0045 of **redinex@mweb.co.za**.

- **Gemeente Erasmia** reël 'n **Bybelstap** vir **Saterdag 15 Augustus** by die Voortrekkermonument. Skakel 082 962 2870 of 012 370 3513 vir meer inligting.

- Die ***Randfontein EPR Fietswedren*** word op **Saterdag 15 Augustus** aangebied deur **Gemeente Sionspoort**. Inskrywings kan aanlyn gedoen word by **www.cyclelab.co.za**. Vir meer inligting, besoek **www.sionspoort.org.za** of skakel 011 412 3163.

- Op **Saterdag 22 Augustus** tree Zak van Niekerk op by Laerskool Oosterkruin, Bataviastraat, Gerdview. Kontak Janita Swanepoel by 082 562 9628, Annelie Swanepoel by 082 870 7795 of Antoinette Jacobs by 071 672 6794. Dit is ten bate van **gemeentes in Primrose se Saadjieprojek**.

- Op **Vrydag 28 en Saterdag 29 Augustus** hou **Gemeente Oos-Moot** 'n Suid-Afrikaanse **Wonderfeesbasaar** by Laerskool Voorpos. Die verskillende stalletjies, elkeen met sy eie wonder, ding mee in toutrek en verskillende boeresportnommers. Hulle nooi almal om deel te wees van hierdie wonderlike *wonderfees*, en om in te skryf vir een van die wonderkompetisies. Vir slegs R30 is daar Vrydagaand om 18:30 potjiekos en om 20:00 'n konsert met kunstenaar Thinus van Staden. Vir meer besonderhede, skakel prof Bieks Beukes by 072 036 4960, Hannie Pretorius by 082 927 8264, of die gemeentelike kerkkantoor by 012 333 4918.

- **Gemeente Springs-Oos** se **feesbasaar** vind plaas op **Vrydag 28 en Saterdag 29 Augustus** by die Driehoekterrein in Lodeyko, Springs. Kontak mev Adele Roets by 011 362 2570 na ure of Katrien Prinsloo by 011 815 1376.

- **Gemeente Theresapark** hou weer op **Vrydag 28 en Saterdag 29 Augustus** hul jaarlikse **Outydse Basaar** op die kerkterrein te Springboklaan, Theresapark. Verrigtinge begin Vrydag om 16:00 en Saterdag om 07:00. Kontak 012 542 3568, 012 542 1321 of 083 391 3151 vir meer inligting.

- **Gemeente Ottosdal** hou op **Vrydag 28 en Saterdag 29 Augustus** weer **Oesfees**. Vrydagaand is dit 'n gesellige saamkuier met die Visagie-broers van Lichtenburg as gaskunstenaars. Saterdag van 09:00 af sal daar pretfietsritte van

1, 5 en 10 km wees, asook 'n bestuursvernufkompetisie. Daar sal ook 'n poppekas wees en 'n wetenskapvertoning deur Experi-Lab. Kontak Adri Botha by 082 403 5051.

- **Gemeente Mafeking** hou hul **Oppieplaasbasaar** op **Saterdag 29 Augustus** op die kerkterrein in Nelson Mandelarylaan. Daar is onder meer vakansie-akkommodasie te wen, en 'n Nguni-beesvel en twee skilderye sal opgeveil word. Plaaspatente kan ingeskryf word vir 'n kompetisie. Kontak Stephan J van Rensburg by 083 702 1341 of **stefanvr@gds.co.za**, of Adriaan Redelinghuys by 082 789 1523 of **adriaanred@yahoo.com**.

- **Gemeente Primrose** hou basaar op **Saterdag 29 Augustus** op die kerkterrein (hv Castor- & Plutostraat, Fishershill). Buite-uitstallers is welkom. Vir meer inligting, kontak Annatjie by 011 828 1649 of 083 360 2692.

- **Gemeente Sannieshof** hou op **Saterdag 29 Augustus** van 10:00 af basaar op die kerkterrein in Kerkstraat. Daar sal onder andere 'n veeveiling wees. Kontak dr Gert Volschenk by 083 228 9899 of die gemeentelike kantoor by 018 683 0426 vir meer inligting.

- **Gemeente Zuurfontein** se **Karnaval** begin om 15:00 op **Vrydag 4 September**. Sondag 6 September hou hulle 'n Lof- en Jubel-erediens om 09:00. Kontak die skriba, Eddie Huggett, by 079 895 6102, 011 975 4114 (kantoorure) of **eddiehuggett@live.co.za**.

- **Gemeente Oos-Moot** se jaarlikse **gholfdag** vind plaas op **Vrydag 4 September** by die Dienstebaan. R250 x 4 se inskrywingsgeld word gevra, wat etes insluit. Vir meer besonderhede, skakel Susan van Heerden by 082 909 1710 of die gemeentelike kerkkantoor by 012 333 4918.

- **Gemeente Naboomspruit** hou op **Saterdag 5 September** om 18:00 'n **Osbraai** op die kerkterrein. Die koste is R50 per volwassene en R20 vir kinders onder 12 jaar. Bring u eie eetgerei en drinkgoed saam. Kontak Lena Kruger by 082 468 0814 of 014 743 1325 vir meer inligting.

- **Gemeente Bothaville** hou op **Saterdag 5 September** hul jaarlikse **basaar**. Die tema is 20/Twintig Wêreldkrieket. Vanjaar kry hulle 20 of meer spanne vanuit die dorp en omgewing om deel te neem aan boeresport/waterkaskenades/sports. Vir meer inligting, kontak Doutie Vermaak by 056 515 673 of **doutie@vodamail.co.za**, of ds Attie Hattingh by 056 515 2420 of **ajh@nhk.co.za**.

Mathys Roets

- **Gemeente Pretoria-Oos** bied op **Dinsdag 8 September** 'n **gholfdag** aan by die Waterkloof Gholfklub. Skakel met die gemeentelike kerkkantoor vir meer inligting of om in te skryf. Kontak Diana Henry by 012 460 8441 of **ptaoos@nhk.co.za**.

- **Gemeente Montana** bied op **Vrydag 11 September** om 19:00 'n **vertoning met Mathys Roets** aan by Montana Hoërskool. Kaartjies kos R100 (volwassenes) en R50 (laerskoolkinders). Kontak die gemeentelike kerkkantoor by 012 567 1753, Salomie Stoltz by 083 308 0520 of Jorina Erasmus by 072 171 2502.

- Die gemeentes **Noordwestelike Pretoria** en **Philadelphia** bied op **Donderdag 17 September** 'n **gholfdag** by Akasia Gholfklub aan. Kontak Stephen by 083 781 2955) of Sanrie by 083 226 1866.

- **Gemeente Midrand** bied op **Donderdag 17 September** 'n **gholfdag** aan by die Leeuwkop Buiteklub in Midrand. Dit sluit halfweghuis, dinee en vele pryse in. Kontak Nelia van Huyssteen by 082 558 9629 of **johanvh@global.co.za** vir meer inligting.

- Die bestuur van die **Van der Hoff Teologiese Vereniging** beplan 'n **gholfkompetisie** vir **Dinsdag 22 September**. Kontak Marius Kramer by 082 346 7258, Elritia le Roux by 083 503 4262, Tiaan Loedolff by 073 529 1538, of Lise-Marie Swanepoel by 083 943 4561.

- **Gemeente Weltevreden** hou op **Dinsdag 13 Oktober** vanjaar sy 9de Jaarlikse Wilde Weste **Gholfuitdaging** by Eagle Canyon aan die Wes-Rand. Kontak Tinus de Wet by 082 774 7013 of Izane Cloete-Hamilton by 082 320 6168.

- **Gemeente Noordrand** hou op **Saterdag 17 Oktober konsert met Nianell en 'n kaas-en-wyn-ete** in die kerksaal. Die koste is R150 per persoon. Vir besonderhede en besprekings, skakel Anette Coetzee by 084 500 3989 of 011 958 1054, of Trudie Rees by 082 456 6975.

ANDER NUUS

- Die **telefoonuitbreidings** van sommige van die personeel by die Sinodale Kerkkantoor het verander. Skakel hulle by 012 322 8885, gevolg deur die uitbreiding:

  - Dr Wim Dreyer x223
  - Mev Clarika Hattingh x263
  - Ds Joseph Motloba x262
  - Prof Natie van Wyk x249

- Lede van die **Raad vir SENTIK** besoek op Maandag 17 Augustus om 09:00 SENTIK se **nuwe boekwinkel** by die ingang van Barton Keep vir die *amptelike opening* van die winkel. Daarna vergader hulle in die Raadsaal in die Dirk van der Hoffgebou.

****

ThaciSA nou beskikbaar

Die Afrika Instituut vir Missiologie (AIM) het nou 'n eie teologiese tydskrif, *Theology and the church in South Africa: Journal of the Africa Institute for Missiology*. Die naam word afgekort as *ThaciSA*.

Dié tydskrif (ISBN 2075-4019) sal twee keer per jaar, in Julie en Oktober, verskyn. Die eerste uitgawe is pas van die drukkers ontvang. Die redaksie bestaan uit Natie van Wyk (redakteur), Gys Bos, Johannes Banda, Jaco Beyers, Piet Boshoff, Jacob Manala, Wim Dreyer, Joël Mmako, Gerhard Lindeque, Joseph Motloba en Barry van Wyk.

Die publikasie word grootliks bekostig uit 'n subsidie van die Nederlandse tydskrif *Hervormd Weekblad Confessioneel*. Ons Nederlandse vriend, dr Gys Bos, moet die erkenning kry vir hierdie subsidie.

Die tydskrif publiseer wetenskaplike en populêr-wetenskaplike artikels oor die teologie en verwante vakgebiede. 'n Hele afdeling word afgestaan aan hulp en ondersteuning aan die predikante, ouderlinge en ander leiers wat 'n diens in die kerk lewer. Preke, oordenkings, eksegetiese hulp, homiletiese riglyne, Bybelstudies, gebede, ensovoorts word gepubliseer.

Die tydskrif spog met 'n mooi buiteblad, ontwerp deur die personeel van SENTIK. Die Hervormde Kerk is gelukkig om mense soos dr Wian Kloppers en mej Francis Coertse in sy diens te hê.

Die publikasie is in die eerste instansie gemik op die MRCC, maar daar word gehoop op ’n wyer leserskring. Die tydskrif is veeltalig. In die eerste uitgawe is van Nederlands, Engels, Zoeloe en Tswana gebruikgemaak.

Teoloë en predikante van die Hervormde Kerk en ander kerke word uitgenooi om in die tydskrif te publiseer. Ons wil graag ’n houding van ekumeniese oopheid openbaar. ’n Duitse Lutheraan het byvoorbeeld ’n preek in Zoeloe in die eerste uitgawe gepubliseer.

Enigeen kan op die tydskrif inteken teen die minimale bedrag van R100 per jaar. Enkele eksemplare is by mev Susann van Zyl van SENTIK beskikbaar teen R50 per boek van 160 bladsye (posgeld uitgesluit).

AIM hoop om in die nabye toekoms ’n bylaag in Afrikaans/Nederlands uit te gee met artikels wat oor die apostolaatstaak handel. Die werk van die Raad vir Apostolaat kan op hierdie wyse aan die Kerk beskikbaar gestel word.

Prof Natie van Wyk

****

- **Die NHSV Pretoria** bied op **Saterdag 15 Augustus** om 10:00 ’n **oggendtee** aan by die dienssentrum by Ons Tuis in Riviera. Die spreker is Nickie Roos, ’n blinde dame wat ook ’n blinde kind het; blinde kinders gaan ook aan die program deelneem. Die doel is om fondse in te samel vir die opleiding van ’n blinde kind in die gemeente. Toegang is gratis en daar sal geleentheid vir donasies wees aan die einde van die geselligheid. Mans, vrouens en kinders is welkom. Kontak Linda Pienaar by 012 661 0655 na ure of by 082 778 3539.

- Die **Kerkhistoriese Genootskap** van die Hervormde Kerk vier sy **50-jarige bestaan** op **8 Oktober** in die kerkgebou van Gemeente Meyerspark. Kontak die voorsitter van die Genootskap, prof Schalk Botha, by 072 020 3264 vir meer inligting.

- Die NG gemeente Lynnwoodrif en die ATKV Centurion nooi lidmate om aan hul **Afrikaanse Skryfkompetisie vir Christene** deel te neem. Kyk ook by **www.tak.co.za** na die tradisionele Afrikaanse liedjieskryfkompetisie waar onder andere ook nuwe woorde vir die ou Christenliedjie *Daar’s ’n dierb’re ou Kruis* geskryf kan word. Die sluitingsdatum vir beide kompetisies is **22 September**. Vir meer besonderhede, kontak Mercia Wepener by 012 348 5148 (gemeentelike kerkkantoor) of Sakkie Kotze by 082 925 1488 of (**iakotze@mweb.co.za**).

- Die **Bybelgenootskap** van Suid-Afrika benodig ’n toegewyde Christen as **Sekretaresse** vir die Departement van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Afrikaanse Protestantse Kerk en Evangelies Gereformeerde Kerk by die Kempton Park Administratiewe Sentrum. Die kandidaat moet rekenaargeletterd wees (Word, Excel, Powerpoint, die internet en e-pos), tweetalig (Afrikaans en Engels), en met goeie kommunikasievaardighede. Diensaanvaarding is so spoedig moontlik. Rig aansoeke met ’n volledige CV aan mnr Johan van der Walt, Bybelgenootskap van SA, 011 970 2506 (faks) of jobsjhg@biblesociety.co.za. Die **sluitingsdatum is 24 Augustus**.

****

Kom toer saam met *Konteks*

Ons eie land bied soveel toergeleenthede, en wanneer dit so goed soos ’n oorsese toer georganiseer word, is dit ’n gebeurtenis wat ’n mens nie moet misloop nie.

- **Wanneer?** 15 tot 19 Maart 2010
- **Waarheen?** Natalse Middellande
- **Toerleier?** Dr Hennie van Deventer
- **Om wat te sien en doen?** Midmar Natuurbewaringsoord, Sanipas, Valkery, Drakensbergse Seunskoor, Mikrobrouery, Howick Waterval, ensovoorts
- **Koste?** R3 750 per persoon wat deel (R800 ekstra vir enkelakkommodasie)
- **Ingesluit?** Verblyf, vervoer met luukse toerbus vanaf Pretoria, etes en toegangsgelde
- **Om te bespreek:** Skakel Marius of Leana Wiese van Afton Toere, by 033 330 5256 of 082 374 2995

Volledige inligting verskyn in *Konteks* van Augustus 2009.

****

Belangrike vergaderings

- Die volgende vergaderings is vroeër beplan, maar kon moontlik intussen verander het. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Vrydag 14 Augustus: Predikante- en Personeelpensioenfonds
  - Saterdag 15 Augustus: Kommissie van die Algemene Diakensvergadering (ADV)
  - Maandag 17 Augustus: Raad vir SENTIK; Raad vir Erediens; Komitee vir Kerkmusiek
  - Dinsdag 18 Augustus: Nagraadse Beurskomitee en Kuratorium
  - Donderdag 20 Augustus: Moderamen; Redaksie van *Die Hervormer* en die *e-Hervormer*

KOMMENTAAR

- "Ek wil graag uitspraak gee oor 'n saak en dit gepubliseer kry vir al ons gemeentes en in besonder dié in Pretoria! Ek was weer gister (10 Augustus) saam met twee van my mede-gemeentelede by die Vrouebyeenkoms van Gemeente Wonderboompoort wat deur prof Yolanda Dreyer waargeneem is. En ek was uiters teleurgesteld, of liewer hartseer, oor die vrouens wat nie daar was nie. Dit was 'n wonderlike geleentheid vir die vrouens (daar was mans ook, want hulle is welkom!) van ons Kerk om saam en in die teenwoordigheid van die Heilige Gees onsself as mens en in besonder as vrou te vind, en ons gryp dit nie aan nie! Prof Yolanda het weer 'n meditasie-aanbieding gedoen, en 'n mens kon die Heilige Gees se teenwoordigheid aanvoel. Die samesang en orrelspel was uitstekend.

- Ek wil vir Gemeente Wonderboompoort se NHSV sê: Baie dankie vir julle inisiatief en wonderlike aanbieding. Moet asseblief nie ophou nie, want ons as vrouens het hierdie geleenthede baie nodig. Dan wil ek al die vrouens (en jul mans) uitnooi om volgende jaar die geleentheid te gebruik en ook die ervaring te kom beleef. Ek glo julle sal ook versterk in gees daaruit kom!"

  Adine Pieterse, Gemeente Erasmia

- "Die *e-Hervormer* is 'n puik publikasie. Weekliks wanneer dit ontvang word, lees ek eers die voorblad en daarna druk ek die res uit. 6 Augustus se voorblad was puik, en ds Jaco Vogel behoort bedank te word vir die insiggewende ontleding van e-posse."

  Banie Fouché

'n Spesiale versoek aan elke ontvanger van die *e-Hervormer*: Kom ons verdubbel ons verspreiding. Stuur elkeen vir ons NOG EEN e-posadres van iemand wat graag ons weeklikse nuusbrief sal wil lees. Dit is die heel vinnigste manier om op die hoogte van ons kerksake te kom. Die verspreiding staan nou op 1 439 (waarvan afskrifte verder aan groepe mense uitgedeel word). Stuur die nuwe adresse aan karen@nhk.co.za. Ons maak staat op u!

AGTERBLAD

Koop môre 'n Afrikaanse boek!

Koop op Vrydag 14 Augustus 'n Afrikaanse boek en neem deel aan die Vriende van Afrikaans se bewusmakingsveldtog rondom boeke en lees.

Koop 'n Afrikaanse boek vir jouself of vir iemand wat dit nie kan bekostig nie. Op dié manier help jy om 'n leeskultuur aan te wakker en om mense aan te moedig om die wye verskeidenheid Afrikaanse boeke wat op die mark is, te koop. Slegs as die boekebedryf ondersteun word, kan hulle aanhou om Afrikaanse boeke te bemark.

Boekwinkels landwyd ondersteun hierdie poging en gee afslag op boeke op 14 Augustus.

Amanda de Stadler
Uitvoerende Beampte, Vriende van Afrikaans

En in SENTIK se boekwinkel

Laat SENTIK u help om die Afrikaanseboekdag te ondersteun. Buiten die uiters bekostigbare boeke wat altyd in die SENTIK-boekwinkel beskikbaar is, kan die volgende boeke ook nou bestel word:

Oor Skrifverstaan
- *Om die Bybel (beter) te verstaan* (Gert Malan) R35
- *Om die Bybel anders te lees* (Gerrie Snyman) R163
- *Leer die Bybel speel-speel ken* (Henk Bierman) R120

Preekbundels
- *Volg My…!* (CAP van Tonder) R120
- *Wanneer die Here in my tuin kom wandel* (Neels van Tonder) R120

Oor die hantering van swaarkry en die dood
- *Waar was God?* (Willem Smith) R85
- *Vir my is sterwe 'n wins* (Willem J Smith) R35

In al die gevalle is posgeld UITGESLUIT.

Ons droom is
dat alle mense
in Jesus Christus sal glo
as hoop vir die wêreld

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx